kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Ark of branderplank. Hoe lewe ons nou?

Skriflesing: Genesis 8

Broodjies vir die pad

"Part of the inner world of everyone is this sense of emptiness, unease, incompleteness, and I believe that this in itself is a word from God, that this is the sound that God's voice makes in a world that has explained him away. In such a world, I suspect that maybe God speaks to us most clearly through his silence, his absence, so that we know him best through our missing him."
— Frederick Buechner, Secrets in the Dark: A Life in Sermons

"Death is only one way of dying; living partially, living fearfully, is our more common, daily collusion with death."
— James Hollis, What Matters Most: Living a More Considered Life

"The purpose of life is not to be happy. It is to be useful, to be honorable, to be compassionate, to have it make some difference that you have lived and lived well."
— Ralph Waldo Emerson

"One of the few blessings of living in an age of anxiety is that we are forced to become aware of ourselves."
— Rollo May, Man's Search for Himself

"The human being cannot live in a condition of emptiness for very long: if he is not growing toward something, he does not merely stagnate; the pent-up potentialities turn into morbidity and despair, and eventually into destructive activities."
— Rollo May, Man's Search for Himself

"What he sensed more than anything else was kindness – a kindness of a human and immediate sort. It was surprising how very radical this simple emotion could be."
— Damon Galgut, Arctic Summer

"Perhaps the art of harvesting the secret riches of our lives is best achieved when we place profound trust in the act of beginning. Risk might be our greatest ally. To live a truly creative life, we always need to cast a critical look at where we presently are, attempting always to discern where we have become stagnant and where new beginning might be ripening. There can be no growth if we do not remain open and vulnerable to what is new and different. I have never seen anyone take a risk for growth that was not rewarded a thousand times over."
— John O'Donohue, To Bless the Space Between Us: A Book of Invocations and Blessings

"I am happy to see you, Masood."
"Happy? Happy? What a pale, pathetic English word. You must not be 'happy' to see me. No, you must be enraptured, transported! You must be overjoyed. I have no use for 'happy'."
— Damon Galgut, Arctic Summer

"We would be worse than we are without the good books we have read, more conformist, not as restless, more submissive, and the critical spirit, the engine of progress, would not even exist. Like writing, reading is a protest against the insufficiencies of life. When we look in fiction for what is missing in life, we are saying, with no need to say it or even to know it, that life as it is does not satisfy our thirst for the absolute – the foundation of the human condition – and should be better. We invent fictions in order to live somehow the many lives we would like to lead when we barely have one at our disposal."
— Mario Vargas Llosa

"The essential difference between the culture of the past and the entertainment of today is that the products of the former sought to transcend mere present time, to endure, to stay alive for future generations, while the products of the latter are made to be consumed instantly and disappear, like cake or popcorn."
— Mario Vargas Llosa, Notes on the Death of Culture: Essays on Spectacle and Society

Het jy al ooit?

Het jy al ooit onder 'n seestraat van
jakarandabome gesit
Met verkrummelde sonlig op jou wang,
En 'n montage van drawwers langs die pad
Het jy al ooit die lewe net geniet?

Die soet, groen geur van gras,
Van die koue somersgrond,
En die sagbruin van die aarde op jou hande
Jan Blohm op jou tong

Het jy al ooit
Jesus op 'n kitaar hoor speel
Verstaan hoe om lief te hê
En veilig gevoel in Arcadiastraat
Het jy al ooit die lewe geniet?

Danielle Leonhardt

Sy het die gedig in Arcadiastraat, Hatfield geskryf terwyl sy "Breyten se brief" van Jan Blohm geluister het en wil die sanger graag bedank.

"Many of the arts practiced at home are especially nourishing to the soul because they foster contemplation and demand a degree of artfulness, such as arranging flowers, cooking, and making repairs."
— Thomas Moore, Care of the Soul: Guide for Cultivating Depth and Sacredness in Everyday Life

Ena Jansen praat oor Elisabeth Eybers

Die digkuns van die Suid-Afrikaanse digter Elisabeth Eybers is op 26 Augustus onder bespreking in 'n gratis aanlyn bespreking.

Die afgetrede akademikus en skrywer Ena Jansen, wat allerweë as die kenner van Eybers se poësie beskou word, is die samesteller van *Immigrant*, 'n nuwe bloemlesing van 134 gedigte van Eybers (1915-2007). Jansen was dekades lank bevriend met Eybers, wat in haar veertigerjare na Nederland verhuis het. In haar nuwe vaderland het Eybers steeds in Afrikaans bly dig. Sy het 46 jaar in Suid-Afrika en 46 jaar in Nederland gewoon. Jansen het in 1992 'n proefskrif oor die sogenaamde Afrikaanse digbundels van Eybers geskryf. Die studie, getiteld *Afstand en verbintenis*, het in Afrikaans en in Nederlands verskyn. Daar het 'n verbintenis begin met Eybers wat oor meer as drie dekades sou strek. Hulle was hegte vriende. Jansen was as hoogleraar in Suid-Afrikaanse letterkunde verbonde aan die Universiteit van Amsterdam en later aan die afdeling literatuur en samelewing van De Vrije-Universiteit van Amsterdam.

Die bloemlesing, wat uit 'n keuse van 900 gedigte saamgestel is, vervat bekende gedigte soos "Maria" en "Busrit in die aand", daar is ook gedigte oor haar kinders, haar emigrasie na Nederland en gedigte oor die oudwordproses. Dit bevat ook die allerlaaste gedig wat sy oor haar seun Bert Wessels geskryf het, wat skielik oorlede is. Eybers was die eerste vrou om die Hertzogprys vir letterkunde te wen – sy het dit op 28 in 1943 en later weer in 1971 gewen.

Jansen neem deel aan die aanlyn besprekingsreeks *Boeken uit het huis*, wat maandeliks deur Zuid-Afrikahuis in Amsterdam gereël word. Martina Vitackova, gashoogleraar in Afrikaanse letterkunde, verbonde aan die Universiteit van Gent, sal met haar in gesprek wees. Die digter Veronique Jephtas (24) sal 'n bydrae lewer oor Eybers se belang vir 'n jonger generasie. Jephtas het vanjaar gedebuteer as digter met die bundel *Soe rond ommie bos*. Sy is ook aktrise, regisseur, aktivis en podiumdigter.

Belangstellendes kan die gesprek onder Zuid-Afrikahuis op die kanaal YouTube volg. Dit word om 16:00 aangebied. Dit is ook moontlik om ná die gesprek vrae te stel. Mense kan dit ook later volg as hulle die regstreekse aanbieding misgeloop het.

Boeken uit het huis word elke laaste Donderdag van die maand aangebied en dien om die Afrikaanse taal en letterkunde in Nederland, Vlaandere en wêreldwyd te bevorder. Dit is 'n projek van Zuid-Afrikahuis en die Taalunie.

• *Immigrant: 'n Keuse uit die gedigte van Elisabeth Eybers* het by Human & Rousseau verskyn. Dit volg op bloemlesings van Ingrid Jonker (*Ingrid Jonker: Versamelde Gedigte*), Breyten Breytenbach (*Rooiborsduif: Gedigte oor die liefde*) en Antjie Krog (*'n Vry vrou: Gedigte van Antjie Krog*) wat onlangs by die uitgewer verskyn het.

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/ena-jansen-praat-oor-elisabeth-eybers-20210805

Brood vir die pad

Daar is iets te leer by die voëls en by die veldblomme

RRV

Die Deense denker Søren Kierkegaard (1813-1855) het dikwels in sy geskrifte by Matteus 6 aangesluit, waar ons onder meer lees: "Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle bekommer oor julle lewe nie . . . Kyk na die wilde voëls . . .; julle Hemelse Vader sorg vir hulle . . . Let op hoe groei die veldlelies" (verse 26-28).

Hy tree byvoorbeeld uitvoerig en indringend met dié woorde uit Jesus se Bergrede in gesprek in 'n 1849-teks vertaal as The Lily of the Field and the Bird of the Air: Three Godly Discourses. Hierdie werk verskyn in sy eie naam, anders as sy boek oor die konsep van angs wat 'n paar jaar tevore onder 'n skuilnaam gepubliseer is.

Kierkegaard openThe Lily of the Field and the Bird of the Air met die volgende gebed: "Vader in die hemel! Gee dat ons dit wat ons so moeilik leer, naamlik wat dit beteken om 'n mens te wees en wat van 'n mens verwag word, opnuut sal leer van die lelies en die voëls. Gee dat ons van hulle sal leer, al is dit bietjie vir bietjie, oor stilte, gehoorsaamheid, en vreugde!"

In wat volg, skryf Kierkegaard dan ook eerstens oor hoe ons van die lelies en die voëls oor stilte kan leer. Hierdie stille leermeesters is nie vry van leed nie, maar hulle is wel in hul stilte bevry van die gepratery wat swaarkry nog meer ondraaglik en uitgerek maak.

En, benadruk Kierkegaard verder, ons toewyding – om eerste die koninkryk van God te soek – ontspring uit stilte.

Vanuit hierdie stilte leer ons ook onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Lelies, byvoorbeeld, redeneer nie dat hulle weens hul prag eintlik 'n ander plek verdien as waar hulle hulself tans bevind nie.

Van die lelies en die voëls kan ons ook oor vreugde leer, kan ons leer dat ons in die oomblik kan leef. "What is it to be joyful? It is truly to be present to oneself; but truly to be present to oneself is this 'today' . . . Joy is the present time," skryf Kierkegaard.

Vir Kierkegaard kan die lelies en die voëls ons dus leer oor stilte, gehoorsaamheid en vreugde; in kort, oor menswees voor die aangesig van 'n God wat sorg.

Saam met Kierkegaard kan ons ook bewus wees hoe ons, te midde van ons sorge en angs, sukkel om hierdie dinge te leer.

Maar dalk kan die naderende wisseling van die seisoene dit vir ons makliker maak om meer oplettend te wees jeens die veldblomme, die voëls, en al die ander vreemde leermeesters wat ons pad mag kruis.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-daar-is-iets-te-leer-by-die-voels-en-by-die-veldblomme-20210807

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877